DIE BYBEL in 'n neutedop

Levitikus

—deur Peter Hammond

'n Boek van vrede

Genesis is 'n universele boek en strek oor 'n aantal eeue. Eksodus fokus op die verlossing van die Israeliete uit Egipte en dit strek oor 'n aantal jare. Levitikus handel oor die stam van Levi en strek oor slegs een maand.

- **In Genesis sien ons die verderf van die mens, in Eksodus die verlossing van die mens, en in Levitikus word die mens se eerbiediging van God waargeneem. Die grootste gedeelte van Levitikus bevat uitdruklike voorskrifte van die Here**
- **In Eksodus word die tabernakel gebou. Levitikus fokus op hoe God aanbid moet word en hoe ons geloof in die samelewing uitgeleef moet word**
- **Eksodus praat oor God se benadering tot die mens**
- **Levitikus handel oor die mens se benadering tot God**
- **Eksodus handel oor die verlossing wat God vir Sy volk bring. Levitikus beskryf die toewyding van God se volk aan Hom.**
- **Eksodus gaan oor God se genade in die vrymaking van Sy volk. Levitikus wys hoe God se volk hulle dankbaarheid vir hulle vrymaking teenoor Hom kan bewys**
- **Ons is gered sodat ons kan dien. Eksodus wys hoe God Sy volk red. Levitikus verduidelik hoe Sy volk Hom moet dien**

Levitikus maak dit duidelik dat God verwag dat Sy volk sal verander en heilig sal wees, soos Hy Heilig is. Sy volk mag nie aan die wêreld gelykvormig word nie.

In die Nuwe Testament is daar meer as 90 verwysings na Levitikus. Die Bybel is 'n progressiewe openbaring. Sou jy die eerste gedeelte van 'n goeie boek oorslaan en dit so probeer klaar lees, sal jy die karakters, strekking, en die einde maar moeilik kan begryp.

Soortgelyk kan die Nuwe Testament slegs volkome begryp word wanneer ingesien word dat dit op die grondslag van die gebeure, karakters, wette, offerstelsel, verbonde en beloftes van die Ou Testament berus. Die loon van die sonde is die dood (Rom 6:23). Die enigste manier vir 'n sondaar om met 'n heilige God versoen te word, is deur 'n offerhande. *"Sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie."* Heb 9:22. Die vyf offerandes (brandoffer, spysoffer, dankoffer, sondeoffer en skuldoffer) is toonbeelde van hoe sondige mense met 'n Heilige God versoen kan word. Al die offers in die Boek van Levitikus wys heen na Jesus Christus as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh 1:29).

- Die brandoffer spreek van oorgawe
- Die spysoffer: diens
- Die dankoffer: kalmte
- Die sondeoffer: plaasvervanger
- Die skuldoffer: voldoening

Levitikus bevat die woorde van God aan Sy volk oor hoe 'n sondige nasie met 'n Heilige God versoen kan word, en hoe om Hom aanneemlik te aanbid.

Die volmaakte offer

- Die eerste gedeelte van Levitikus beskryf ons weg na God toe: regverdigmaking
- Die tweede gedeelte beskryf ons wandel met God: heiligmaking

Gewyde kalender

Die agt feeste is beelde van hoe God se volk Hom op aanneemlike wyse moet aanbid.
Levitikus

Pinkster en Jubeljaar



PINKSTER

Vyftig dae na die eerste opbrengste geoffer is, moes hulle die Pinksterfees hou. Dit herdenk die dag dat die Wet op Sinai gegee is. Toe die Wet op Sinai gegee is, is daar 3 000 mense doodgemaak as gevolg van hulle sonde. Toe die Heilige Gees uitgestort is op die biddende dissipels tydens Pinkster, is daar 3 000 mense gered! Soos die Boek van die Hebreërs dit duidelik stel, is die feesdae van die Israeliete, insluitend die Fees van die Basuine, die Dag van Verootmoediging, en die Huttefees almal in Christus Jesus vervul, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, die Eerste Opbrengs van die Opstanding.

JUBELJAAR

Jesus is ons Jubeljaar. Elke 50 jaar was daar 'n Jubeljaar waartydens alle skuld gekanselleer is en alle eiendom terugbesorg is aan die gesin wat dit oorspronklik besit het. Dit het bekend gestaan as Die Aanneemlike Dag van die Here. Dit was goeie nuus vir die armes, want gevangenes sou vrygelaat word. Wanneer Jesus Christus in Nasaret verklaar: *"Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die Evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig,"* moet 'n mens Levitikus verstaan om die volle betekenis van daardie belangrike woorde in Lukas 4:18-19 te begryp.

Riglyne vir die lewe

maak dit duidelik dat God se kinders Hom nie kan nader net soos hulle wil nie. In Eksodus is God baie spesifiek oor hoe die Tabernakel gebou moes word. Aan alles was daar betekenis toegesê.

In Levitikus is Hy selfs meer spesifiek oor hoe Sy volk Hom moes aanbid. Die kalender moes met Pasga begin – die fees van die ongesuurde brode, wat op die 15de dag, van die Hebreeuse Nuwe Jaar (Maart/April) se eerste maand plaasgevind het.

Die fees is ter gedagtenis aan God se verlossing van die Israeliete uit slawerny in Egipte. Op die dag voor Pasga begin, moes 'n lam op die negende uur (3 nm.) geslag word. Drie dae later moes hulle die eerste opbrengste van die oes aan God offer.

Bepalings vir die lewe

Levitikus onderskei tussen dit wat heilig, en onheilig (nie afgesonder) is, tussen dit wat rein en onrein is. Die meeste mense dink in terme van goed en sleg, maar die Bybel maak 'n onderskeid tussen drie komponente: die sondige, die sekulêre en die heilige.

Daar word twee prosesse in Levitikus verduidelik. Die eerste is wanneer gewyde, Goddelike en heilige dinge ydellik gebruik word en nie afgesonder word nie. Net soos daar 'n proses is waartydens die ontheiliging van dit wat heilig is, dit nie afgesonder maak nie, en die besoedeling van dit wat nie afgesonder is nie, dit onrein maak, so is daar ook 'n proses om die situasie om te keer. Hiertydens word dit wat onrein is, gereinig, en dit wat nie afgesonder is nie, ingeseën om dit heilig te maak.

Heiligheid in die daaglikse lewe

Levitikus verduidelik die afwaartse proses wat ontheilig, besoedel en in die dood eindig en die opwaartse proses waar die onreine gereinig word, en dit wat nie afgesonder is nie, deur inseëning heilig word. Levitikus 19 is die belangrikste hoofstuk omdat dit uitlê wat dit beteken om in ons daaglikse lewe heilig te wees: Ons moet ons ouers respekteer, die Sabbatdag onderhou, God alleen eer, die armes, vreemde- »



DIE BYBEL in 'n neutedop

Levitikus

linge, grense en eiendom respekteer.

Ons moet kontrakte nakom, gestremdes in ag neem, die lewe respekteer, die natuur bewaar en integriteit op alle gebiede van die lewe handhaaf. Die gesondheid van die liggaam word as belangrik uitgewys. Tatoeëring en 'body piercing', asook okkultisme, word uitdruklik verbied.

Aanvaarbare en onaanvaarbare seksuele verhoudings word duidelik uitgespel en homoseksualiteit en bloedskande word uitdruklik verbied. Kruising van diere, asook die saai van gemengde saad word nie toegelaat nie. God is 'n God van reinheid en Hy belet vermenging van dit wat Hy vir ander doeleindes geskape het.

Vertrou en wees gehoorsaam

Daar is goeie higiëniese stawing vir beskerming teen siektes en infeksies wat die dieetmatige wette wat in Levitikus gegee word, kan verskaf. God gee egter nie altyd redes vir al Sy reëls nie. Sy kinders moet Hom vertrou en gehoorsaam vir Wie Hy is, ons Skepper en Ewige Regter.

- Met vele van die wette sê God: "Vertrou jy my?"
- Die offers in Levitikus praat van die bloed wat red
- Die feeste praat van die voedsel wat krag gee

Seëninge en vloeke

Belonings word belowe aan diegene wat God vertrou en gehoorsaam. Daar word egter gewaarsku dat diegene wat God wantrou en ongehoorsaam, ernstige gevolge sal moet dra. Levitikus 26 lê die seëninge van gehoorsaamheid en die vloeke vir ongehoorsaamheid uit. In Levitikus 10 word 'n skokkende voorbeeld genoem waar die Here vuur gestuur het om die twee seuns van Aäron, Nadab en Abihu te verteer. Hulle het, in stryd met God se opdrag, ongeoorloofde vuur voor hom geoffer. (Lev 10:1-2). Duidelik is die Wette van God 'n saak van lewe en dood. Paulus het aan Timoteus geskryf: *"Jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."* 2 Tim 3:15-17. Toe dit geskryf is, het die Nuwe Testament nog nie bestaan nie.

Die Skrif waarna hier verwys word, is die Ou Testament. Die Here Jesus het gesê: *"…dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en in die profete en psalms vervul moet word."* Luk 24:44-47.

Levitikus wys op die sondige natuur van die mens, maar van meer belang, openbaar dit die Heiligheid van God en wys vooruit na Jesus as die finale offer.

Die saaklikheid en belang om die Ou Testament te bestudeer

Sonder die Ou Testament sou ons nie die Hebreeuse gebruike waarna in die Nuwe Testament verwys word, verstaan het nie. Sonder die Ou Testament sou ons nie geweet het van talle uitvoerige profesieë wat alleenlik bewaarheid kon word as die Bybel God se Woord is en nie die mens s'n nie. Ter opsomming, die Ou Testament is 'n spieël wat ons toelaat om onsself in die lewens van Ou Testamentiese karakters, situasies, en in die lerings waar te neem. ■

7 Die belang van die nommer 7 in die Skrif

- Elke sewende dag was 'n Sabbat vir die Here
- Elke sewende jaar was 'n Sabbatsjaar
- Elke sewe x sewe jaar is gevolg deur 'n jubeljaar
- Pinkster was sewe weke na Pasga
- In die sewende maand was die Basuine-, Hutte-, en Versoeningsfees.

DR. PETER HAMMOND *is die outeur van 'The Ten Commandments – God's Perfect Law of Liberty.' Hy is 'n sendeling en spreker. Kontak hom by: missions@frontline.co.za, of besoek www.frontline.org.za, of skakel hom by: 021 689 4480.*